

Graad 10 FW week 11 tot 14 Augustus

Gaan die voorbeelde op p 202 oor . By voorbeel 1 is die x as verkeerd. Die 4 wat by die 3 geskryf is skuif aan , so ook die 8 en 9. Maak die x as by no 13 en ook voorbeeld 2 reg en no 6 by voorbeeld 2

Doen nou die volgende : op bl 208 no 3, bl 211 no 5 en op 213 no 6

Ons gaan nou op bl 214 kyk na beweging met konstante versnelling.

Jy kan sien dat die posisie tyd grafiek nie meer 'n reguit lyn is nie en die helling is ook nie meer konstant nie. Omdat die voertuig versnel sal hy dus elke sekond 'n verder afstand aflê. Jy kan dus nie meer die helling gebruik om gemiddelde snelheid uit te werk nie, maar jy kan die oombliklike snelheid op 'n spesifieke tyd kry deur 'n raaklyn te trek by die gegewe tyd . Kyk bo-aan p215. Kyk ook na voorbeeld 3 op bl 215

Op bl 216 no 2 is daar 'n grafiek van snelheid teenoor tyd vir konstante of uniforme versnelling. Die snelheid tyd grafiek is 'n reguit lyn en die area onder die grafiek gee vir jou die verplasing. Die posisie tyd grafiek is weer nie 'n reguit lyn nie omdat groter afstande afgelê word soos die motor konstant versnel.

Kyk nou weer na die snelheid tyd grafiek. Die gradient van die snelheistyd grafiek gaan vir jou die versnelling gee. Aangesien die gradient van die reguit lyn oral dieselfde is daarom is die versnelling ook dieselfde , dus konstant. 'n Versnelling tyd grafiek gaan dus lyk soos onder aan bl 217. Uit die skets grafieke kan jy dus by die posisie tyd grafiek net oombliklike versnelling uitwerk en by die snelheid tyd grafiek die verplasing en die versnelling. Die verplasing is die area onder grafiek (opp van driehoek) en die versnelling is die helling .

Bestudeer die grafieke op p218. As jy dit verstaan verstaan jy die werk. Ek weet dis moeilik, maar jy moet op jou eie kyk of jy weet wat by elke grafiek aangaan. BAIE STERKTE